Vrystaat Landbou
Free State Agriculture
Tsa Temo Freistata

# Mediaverklaring

**18 Augustus 2021**

## VL ondersteun deur 107 639 voorleggings teen die grondwetlike wysiging

Die wysiging van artikel 25 van die Grondwet sal slegs tot die ellende van Suid-Afrika bydra. Dit was die boodskap aan die parlement van die meer as 107 000 burgers wat aan Vrystaat Landbou (VL) se openbare veldtog om eiendomsreg te beskerm en die grondwetlike wysiging van artikel 25 teë te staan, deelgeneem het.

Volgens Francois Wilken, president van Vrystaat Landbou, toon hierdie steun dat VL se siening oor eiendomsreg 'n baie wyer ondersteuningsbasis het as slegs die organisasie se landbou-lede. "Dit toon dat daar 'n aansienlike deel van die publiek is wat verstaan dat die ondermyning van eiendomsreg tot die ondermyning van menseregte sal lei."

VL het sy opponerende kommentaar op Vrydag, 13 Augustus aan die parlementêre komitee voorgelê. Die redes waarom Vrystaat Landbou enige grondwetlike wysiging verwerp, sluit in:

1. Plaaslike en internasionale beleggingsonsekerheid wat indiensnemingsgroei verder sal stuit.

2. Die wysiging sal 'n leemte vir nulvergoeding van alle eiendom oopmaak. Geen belegging kan in enige eiendom gemaak word as die eienaarskap van die eiendom nie vir die duur van die belegging gewaarborg kan word nie. Artikel 25 van die Grondwet soos dit is, behoorlik toegepas met markpryse as basis, kan 'n regverdige en billike grondhervorming bewerkstellig soos vereis.

3. Vrystaat Landbou is deur sy lede gemandateer om privaat eiendomsreg te beskerm. Enige vorm van voogdyskap of nasionalisering deur die staat word hewig teëgestaan. Die staat het duidelik sy onbevoegdheid bewys om grond regverdig en billik namens die burgers van SA te bestuur.

“Om hoogs produktiewe landelike landbougrond bedrywighede in gevaar te stel deur voort te gaan met die voorgestelde grondwetlike wysigings, sal Suid-Afrika net verder in 'n ernstige ekonomiese en humanitêre krisis dryf en nie die ekonomiese vryheid vir die massas bied, soos deur politici belowe nie," het Wilken gesê.

Vrystaat Landbou
Free State Agriculture
Tsa Temo Freistata

**Woordvoerders:**

Francois Wilken
President: Vrystaat Landbou
083 390 1831

Dr Jack Armour
Kommersiële bestuurder: Vrystaat Landbou
0716720271 jack@vslandbou.co.za

**Mediabeampte**

Elana Bester
083 483 1859 / elana@vslandbou.co.za